# Gert Vlok Nel, Timotei Sjampoe

wat het gebeur my pragtig daai Desembermaand
toe ons geleef het soos jetsetters in Gordonsbaai
in daai warm overpriced flat bo op die Portofino Ice Cream Parlour
within view van die kaai
en die wind wat aanmekaar aai aai waai
en daai brief van someone uit somewhere in my hand
en die wind wat draai teen skemer aand
van die see na die land
en die flat wat eensklaps soos vallende boeing plummeting to the sea
en jy wat vra why me
en jou naak lyf skielik oor my swaai en snik why
met jou hare in my mond soet en sag
soos edible underwear van aarbei en Timotei sjampoe

oesters op melba toast en perrierwater
daardie laaste oggend son op die balkon
en nog nie eers 8 uur nie
en buite die happy screams van vakansiegangers met ice creams
en jy wat skielik scream en die gordyne ruk uit hul kosyne uit
en topless vries in die ruit
soos 'n overexposed foto uit 'n ou familie foto-album
of 'n ou magazine
ek dink ek sien dit nou
jy se we have lingeres in chambers by the sea
maar al daai poetry shit means nothing now to me
en toe't jy jou ou gordyne uitgehaal uit die laai
wat jy gekoop het op 'n krismis special by Edgards in Gordonsba
en die somer was in sy maai
en ek wat se ek ek raai ons het gaan draai by Jane Seymore
en is subsequently weer terug by Timotei sjampoe

polisiesirenes daardie nag
en toe crash 3.31 op die wekker
en wakker was ons nee nee
ek was allen ek dink
ek onthou nou my lief waar was jy
waar was jy
want ek was so allen en buite het dit be
en jou jumbo golf was gone
en gone down was the moon
en die pleiades middle of the night
en ek wat frantically phone
vanaf 'n tickeybox na die hospitaal
en mumbo jumbo met 'n vakerige nurse
nee nee nee jy was nie daar nie
maar in die warm overpriced flat vind ek jou
by die bay window met jou hande buitentoe catching the rain
ek het jou gesien uithardloop se jy
en smile en se bring jy goeie nuus vir my
het hulle uiteindelik my lyk gekry
doen my 'n guns en balsem vir my in Timotei sjampoe

wat het gebeur my skugtige voortvlugtige pragtige
daai ongelukkige desembermaand
toe ons onsself gesien het as 'n sun setting in Gordonsbaai
in daai warm overpriced flat bo-op die Portofino Ice Cream Parlour
within view van die kaai